

## 12.2 BESWAARSKRIF BR AJ MALAN TEEN DIE NIE-BEHANDELING VAN 'N BESWAAR (SINODE 1991:128) (Artt 11, 12, 166, 187)

- A. Die beswaar word in die afwesigheid van br AJ Malan gestel.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.
- C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.

### D. BESWAARSKRIF

Besluit van die Sinode van 1991 waarteen beswaar gemaak word: (Acta 1991:128 en 129, art 13.6C) Beswaarskrif teen die Sinode van 1985 se besluite oor die 1983-vertaling – “Die Beswaarskrif is nie ontvanklik nie.”

Motivering: Die Sinode van 1988 het 'n soortgelyke beswaar oor die 1985 Sinode t.o.v. die 1983 -Bybelvertaling behandel en na Studiedeputate verwys (Acta 1988:283-302). Geen nuwe gronde, volgens die vereiste van KO, art 46 word in hierdie Beswaarskrif aangevoer nie.

#### **Beswaargrond 1** (Oor die toepassing van KO, art 46)

KO, art 46 kwalifiseer homself met die slotfrase “tensy...” Tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander... Hiermee wys die Kerkorde op die belangrikheid van sekere sake. Daar is dinge wat so belangrik is dat daar nie van hulle afgestap kan word bloot omdat dit reeds voorheen behandel is nie. Die Woord van die Here is so 'n saak. En probleme rakende die korrekte teks van die Woord van die Here is presies dit. Daarom is dit ingevolge KO, art 46 heeltemal korrek om maar weer eens terug te kom na probleme rondom 'n Bybelvertaling, want dit raak die kern en die fondament van ons geloof.

In sy laaste sin belet KO, art 46 homself as 't ware om sulke sake van die tafel van 'n Sinode te weer.

#### **Beswaargrond 2** (Oor die soortgelykheid van die twee Beswaarskrifte)

Die Kerkraad van die gemeente Die Kandelaar se Beswaarskrif bevat drie besware:

1. Dat n vertaalmetode gebruik is wat nie by die Skrif pas nie.
2. Dat die opdrag aan die kerk om die Woord te bewaar in beginsel aan 'n Tussenkerklike Genootskap oorgedra is.
3. Dat die plaaslike kerke nie voldoende geleentheid gegee is om die gedrukte vertaling te toets nie en dat beginselbesware nie ernstig opgevolg is nie.

Hierteenoor bevat br Malan se Beswaarskrif ses besware:

1. Dat sestien verse uit die Heilige Skrif weggelaat word en die Waaragtigheid van 'n verdere drie-en-twintig verse bevraagteken word.
2. Dat die Godheid van Christus aangetas word en profesieë omtrent Hom wegvertaal of ontkrag word.
3. Dat die Verbondsnaam van die Here wegvertaal is.
4. Dat die Nederlandse Geloofsbelydenis sowel as die Heilige Skrif deur hierdie vertaling weerspreek word.
5. Dat die gesag van die Heilige Skrif ondergrawe is.
6. Dat dwaalleer as die Woord van die Here voorgestel word.

Dit is dus met 'n oogopslag duidelik dat hierdie twee Beswaarskrifte, nie eers naastenby oor dieselfde sake handel nie. Dit is eweneens duidelik dat heelwat nuwe grond vir beswaar aangevoer word. Die Sinode van 1991 sê dus verkeerdelik dat geen nuwe gronde in br Malan se Beswaarskrif aangevoer is nie.

### **Bevinding**

Die Sinode van 1991 het fouteer deur genoemde Beswaarskrif onontvanklik te verklaar.

### **Aanbeveling**

1. Dat hierdie Beswaarskrif wat in 1991 nie behandel is nie, nou behandel sal word.
2. Dat die Sinode duidelike uitspraak oor veral die eerste Beswaargrond van die Beswaarskrif sal gee, aangesien die wese van die Kanon in gedrang is. Boonop is dit 'n brandende kwessie met betrekking tot die nuwe vertalingsprojek wat tans beoog word.

## **E. KOMMISSIERAPPORT**

### **1. Opdrag: Beswaarskrif van AJ Malan.**

#### **2. Agtergrond**

By Sinode 1988 is 'n Beswaarskrif ingedien deur die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat na Studiedeputate verwys is en waaroor by Sinode 1991 gerapporteer is. By Sinode 1991 is 'n Beswaarskrif ingedien deur br AJ Malan teen die Sinode 1985 se besluit oor die '1983-vertaling. Sinode 1991 het hierdie beswaar onontvanklik verklaar. Die Beswaarskrif deur br AJ Malan by Sinode 2006 is teen hierdie besluit.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **3. Beswaargrond 1: KO, art 46**

##### *3.1 Inleiding*

Die beswaarde beweer dat wanneer dit gaan oor die Woord van God, die algemene reël by die toepassing van KO, art 46 nie op so 'n saak van toepassing is nie. Met ander woorde, 'n saak oor die Woord van God wat reeds afgehandel is, kan weer behandel word.

##### *3.2 Beoordeling en bevinding*

In Beswaargrond 1 erken die beswaarde dat sy Beswaarskrif handel oor punte "wat eenmaal afgehandel is." Hy bewys egter nie waarom "die tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander" (KO, art 46) op sy beswaar van toepassing is nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

##### *3.3 Aanbeveling*

Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 1 nie.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### **4. Beswaargrond 2 (Die soortgelykheid van twee Beswaarskrifte)**

##### *4.1 Inleiding*

Die beswaarde beweer dat sy beswaar "nie eers naastenby oor dieselfde sake handel" as die beswaar van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar by Sinode 1988 nie.

#### 4.2 *Beoordeling en bevinding*

Die beswaarde gee die Beswaargronde van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat by Sinode '88 ter tafel was en deur Studiedeputate behandel en gerapporteer is in 1991, baie onnoukeurig weer. Die Beswaarskrif toon drie sake aan, terwyl daar volgens Acta 1988 en 1991 dertien sake was. Die Beswaarskrif noem ses sake wat nuwe sake sou wees. Uit Acta 1991:118-128 blyk egter dat die inhoud van al ses sake wesenlik reeds behandel en oorweeg is, en dus nie nuwe sake is nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 4.3 *Aanbeveling*

Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2 nie.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### 5. **Finale aanbeveling**

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

**Besluit: Goedgekeur.**